



VERBRUIKERSTUDIES

Tyd: 3 uur

200 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES SORGVULDIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Begin **elke afdeling** op 'n **nuwe** bladsy.
AFDELING A: Voedsel en Voeding en Die Verbruiker
AFDELING B: Kleding en Die Verbruiker
AFDELING C: Behuising en Meublement en Die Verbruiker
AFDELING D: Geïntegreerde uitgebreide skryfrespons
 3. Lees die vrae sorgvuldig deur.
 4. Sommige van die afdelings het meerkeusevrae. Skryf slegs die korrekte **letter** langs elke vraagnommer in jou antwoordskrif neer, bv. 1.1.8 A.
 5. Nommer die antwoorde presies soos wat die vrae genommer is.
 6. Laat genoeg ruimte tussen elke antwoord.
 7. Moenie in die kantlyn skryf nie; los dit leeg vir die aantekening van punte.
 8. Die punte wat vir elke vraag toegeken word, dui die detail wat verlang word aan.
 9. Sakrekenaars kan gebruik word.
 10. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
-

AFDELING A VOEDSEL EN VOEDING EN DIE VERBRUIKER**VRAAG 1**

Verwys na die uittreksel uit die artikel oor eetversteurings, "**Smag daarna om maer te wees**", hieronder wanneer Vraag 1 beantwoord word.

Smag daarna om maer te wees deur Delia du Toit

"Versteurde eet is enige ongereelde en ongesonde eet. Selfs 'n vrou met 'n gesonde LMI van 25 kan in hierdie kategorie val. Al hierdie tipes gedrag het 'n nadelige uitwerking op ons gesondheid, en wanneer dit toegelaat word om voort te gaan en ontwikkel, ontstaan 'n eetversteuring. 'n Ware versteuring word ongelukkig eers gediagnoseer wanneer die LMI so laag soos 16 of 17 is – wanneer die skade reeds gedoen is," sê Tabitha Hume, 'n Johannesburgse dieetkundige.

[Vertaal uit: *Health Intelligence* tydskrif, Julie/Augustus 2014, Uitgawe 28]

Tabuleer Vrae 1.1 tot 1.3 soos hieronder aangedui.

- 1.1 Noem twee eetversteurings wat 'n lae LMI tot gevolg kan hê. (2)
- 1.2 Noem een tipiese gedrag wat kenmerkend van elk is. (2)
- 1.3 Gee een waarneembare simptoom van elke versteuring. (2)

1.1 Eetversteuring	1.2 Tipiese gedrag	1.3 Een waarneembare simptoom van elk

- 1.4 Verduidelik die term "LMI". (2)
- 1.5 Hoekom dink jy is die titel van die artikel "Smag daarna om maer te wees"? (4)
- 1.6 Die artikel sê "selfs 'n vrou met 'n gesonde LMI van 25 kan in hierdie kategorie val" (d.i. versteurde eet). Verduidelik hoekom dit waar is. (5)

[17]

VRAAG 2

2.1 Noem drie riglyne vir die voorkoming van osteoporose. (3)

2.2 Evalueer die maaltye hieronder en kom tot 'n gevolgtrekking oor hul geskiktheid vir 'n vrou wat tekens van osteoporose toon. Stel twee verbeterings vir elke spyskaart voor.

Middagete

Eierslaai (gekookte eier, blaarslaai, *roquette*, tamatie, lae-olie mayonnaise)
'n Koppie koffie

Aandete

Geroosterde hoender, wortels, rys
Glas wyn
Vrugteslaai

(10)

2.3 Noem drie voedselsoorte in die maaltye wat hierbo genoem is wat van BTW vrygestel is. (3)
[16]

VRAAG 3

Sê of die volgende stellings **waar** of **vals** is. Indien vals, **korrigeer die deel** van die sin wat in **vetdruk** is. Moenie die hele sin oorskryf nie.

3.1 Oplosbare vesel in die dieet help om hoë vlakke van **LDL-cholesterol** in die bloedstroom te hanteer.

3.2 Die glisemiese indeks meet **bloedsuikervlakke in 'n diabetiese persoon**.

3.3 Normale bloeddruk is **140/90 mmHg**.

3.4 **Gereelde urinerig en gewigsverlies** is tipiese simptome van Tipe II-diabetes.

3.5 **Mieliepap** is 'n goeie bron van dieetvesel.

[8]

VRAAG 4

Pas die mees geskikte voedselvoorbeeld in Kolom B en die korrekte verduideliking in Kolom C by elk van die terme in Kolom A. Skryf net die korrekte letters en nommers vir antwoord 4.1 tot 4.5 neer. Elke letter/nommer kan slegs een keer gebruik word.

Kolom A		Kolom B		Kolom C	
4.1	Geneties gemanipuleerde organismes	A	Kruie en speserye	i	Voedselsoorte wat deur die manipulerings van DNS veranderde eienskappe tot gevolg het.
4.2	Organies geproduseerde voedselsoorte	B	Energiedrankie	ii	Voedselsoorte wat onder bevrore toestande ingevoer word om varsheid te behou.
4.3	Voedselbestraling	C	Toebroodjies en melk vir skoolvoedingskemas	iii	Voedselsoorte wat geproduseer word deur boerderymetodes te gebruik wat water, grond en energie spaar.
4.4	Voedselsekerheid	D	Mielies	iv	Voedselsoorte waarby chemiese middels gedurende die verwerking gevoeg word wat spesifieke funksies verrig.
4.5	Kunsmatige bymiddels	E	Blik konfyt	v	Voedseltegnologie wat mikro-organismes en insekte in voedselprodukte verminder of uitskakel en verhoed dat plante begin uitloop.
		F	Hormoonvrye melk	vi	Ten alle tye toegang tot voldoende, veilige en voedsame voedsel.

[10]**VRAAG 5**

Professor Tim Noakes, 'n bekende Suid-Afrikaanse dokter, is in die nuus met sy veranderde benadering tot gesonde eetgewoontes. Lees die volgende en beantwoord dan Vraag 5.1 en 5.2.

Prof. Noakes sê, "Ons kan die toename in siektes en vetsug [in die wêreld] naspoor tot by die bekendstelling van meel, suiker en verwerkte voedselsoorte in ons dieet." (Kotze, 2011).

[Aangepas en vertaal van: <<http://www.health24.com/Diet-and-nutrition/>>]

5.1 Noem twee spesifieke siektes (buiten vetsug) waarna professor Noakes in sy stelling verwys. (2)

5.2 In watter mate stem jy met professor Noakes se stelling saam? Verduidelik breedvoerig. (7)

[9]

VRAAG 6

6.1 Kies die vier mees waarskynlike oorsake van bloedarmoede. Skryf net die korrekte letters neer.

- A 'n Hoë inname van versadigde vet
- B 'n Vegetariese dieet
- C 'n Groeiversnelling
- D Onvoldoende suiwelprodukte
- E Besering wat tot bloeding lei
- F 'n Gebrek aan oranjekleurige vrugte en groente
- G Swangerskap
- H Te veel sout in die dieet

(4)

6.2 Gee drie spesifieke dieetriglyne vir 'n tienermeisie wat met ystertekortbloedarmoede gediagnoseer is om te help om haar toestand te verbeter. Verskaf 'n goeie rede vir elke voorstel.

Beantwoord in tabelvorm, soos aangedui:

Dieetriglyne vir meisie met bloedarmoede	Redes

(6)
[10]

70 punte

AFDELING B KLEDING EN DIE VERBRUIKER**VRAAG 7**

'n Verbruiker het 'n reg om te kla, maar 'n verstandige verbruiker doen op so 'n wyse inkopies dat die behoefte om te kla vermy word. Gee vier riglyne wat 'n jong volwassene moet volg wanneer inkopies vir klere gedoen word sodat hy/sy die behoefte om te kla oor die items wat gekoop is, kan voorkom.

[4]**VRAAG 8**

Pas elke term in Kolom A by die korrekte beskrywing in Kolom B. Skryf slegs die letters neer. Letters mag net een keer gebruik word.

Kolom A		Kolom B	
8.1	Silhoeët	A	Nuwe, duur style van 'n goeie gehalte wat deur ontwerpers geskep is en deur 'n paar modeleiers gedra word.
8.2	Modeneiging	B	Die buitelyne of vorm van die kledingstuk of liggaam, die styldetail soos knope of sakke uitgesluit.
8.3	Haute couture	C	'n Mode, dikwels 'n ekstreme styl, wat vinnig deur 'n klein groepie verbruikers aanvaar word en wat dan weer vinnig verdwyn.
8.4	Modegier	D	Die laaste fase van 'n modesiklus/-golf waar een mode verdwyn en die volgende een reeds begin.
		E	Die rigting wat 'n mode inslaan, soos langer roksume of die breedte en vorm van broekspype.

[4]**VRAAG 9**

Noem drie tegnologiese faktore wat modeverandering beïnvloed en gee een voorbeeld van elk.

[6]

VRAAG 10

Lees die uittreksels uit "**Wardrobe Essentials Every Person Should Own**", en beantwoord vraag 10.1 tot 10.3.

Noodsaaklike items wat almal in hul klerekas moet hê

Vir 'n man of vrou om op sy/haar beste te lyk, is 'n paar klassieke items nodig wat aantrek maklik maak ... Bloomingdale's se *Top 10 Essential* is onontbeerlik en die grondslag vir enige persoon se klerekas ...

Jou voorkoms is jou besigheidskaartjie ...

[Vertaal en aangepas van <<http://style.informat.com>>]

***Let wel:** Bloomingdale's is 'n Amerikaanse eksklusiewe ketting afdelingswinkels.

- 10.1 Stel vyf voorbeelde voor van "klassieke items" wat 'n modieuse jong werkende volwassene nuttig in sy/haar klerekas sal vind. (5)
- 10.2 Stem jy saam met die outeur se stelling dat "'n paar klassieke items nodig" is wat "aantrek maklik maak"? Motiveer jou antwoord. (4)
- 10.3 Bespreek die stelling "jou voorkoms is jou besigheidskaartjie" met verwysing na die belangrikheid van eerste indrukke in die werksplek. (3)
- [12]

VRAAG 11

- 11.1 Stel 'n lys saam vir 'n jong kantoorwerker van twee "moets" en twee "moenies" om 'n professionele voorkoms vir die werk te skep. (4)
- 11.2 Vergelyk twee voor- en nadele om 'n uniform werk toe te dra. (4)

Beantwoord in tabelvorm:

Voordele van uniforms	Nadele van uniforms

[8]

VRAAG 12

In Suid-Afrika het ons tans 'n magdom ingevoerde klere vanuit die Verre Ooste. Noem vier maniere waarop die beskikbaarheid van goedkoop Chinese klere die huishoudelike begroting kan beïnvloed.

[4]

VRAAG 13

Lees die paragraaf hieronder en beantwoord Vraag 13.1 en 13.2.

Volgens <http://www.ecofashion-week.com/> is die modebedryf die *derde mees omgewingskadelike nywerheid in die wêreld*.

"Die modebedryf genereer triljoene rande in inkomste per jaar, en 'n mens wonder wat verg dit vir die modebedryf om so suksesvol te wees. Dit blyk dat nogal baie nodig is om dit suksesvol te maak: die hulpbronne van gesonde ekosistels, soos vars water, skoon lug, sterk biodiversiteit, produktiewe grond – en die stabiliteit van regverdige samelewings."

[Aangepas uit: <<http://www.ecofashion-week.com/>>]

- 13.1 Stel vier maatreëls voor, met redes, wat jy as 'n individu kan tref om te help om die negatiewe uitwerking van tekstiel- en klereproduksie op die omgewing te verminder. (8)
- 13.2 Interpreteer wat met "regverdige samelewings" bedoel word ten opsigte van tekstiel- en klereproduksie. (4)
- [12]

50 punte

AFDELING C BEHUISING EN MEUBLEMENT EN DIE VERBRUIKER**VRAAG 14**

Skryf slegs die korrekte letter (A – D) langs die Vraag 14.1 tot 14.5 neer.

14.1 Joe het 'n nuwe stoof by ABC Furnishers gekoop. Identifiseer sy verbruikersverantwoordelikheid.

- A Om alle funksies van die toestel gedurende die waarborgtydperk te gebruik om seker te maak dit werk reg
- B Om seker te maak hy bly gereeld in aanraking met die kleinhandelaar
- C Om by die persoon wat die stoof installeer uit te vind hoe dit werk
- D Om te verseker dat sy vriend, Tim, wat baie van stowe af weet, dit regmaak sodra daar 'n probleem is

14.2 Elektrisiteitsrekeninge word gegrond op die aantal ... wat gebruik is.

- A Toestelle per huishouding
- B Kilowatt per dag
- C Kilowatt-ure per maand
- D Ampère per elektriese toestel

14.3 Die dokument wat wettige eienaarskap van 'n eiendom bewys, word 'n ... genoem.

- A Koopakte
- B Titellakte
- C Koopaanbod
- D Eienaarskontrak

14.4 Identifiseer die persoon wat die meeste deur 'n stygende inflasiekoers geraak sal word:

- A 'n Student wat geld verdien deur oor naweke as 'n kelner te werk
- B 'n Sakeman wat goedere invoer
- C 'n Pensioenaris wat 'n vaste inkomste ontvang
- D 'n Verkoopspersoon wat kommissie verdien

14.5 Die Eiendomsagentskapsraad doen die volgende:

- A Verskaf regsadvies oor laekoste-behuising
- B Stel finansies beskikbaar aan mense wat krediet nodig het om 'n huis te koop
- C Help die verbruiker om beskikbare eiendom te vind wat by hul behoeftes en begroting pas
- D Beskerm die verbruiker teen onbillike praktyke met betrekking tot eiendomsagente

[5]

VRAAG 15

Kies die korrekte verduideliking in Kolom B vir elke tipe belasting in Kolom A. Skryf slegs die korrekte letter (A – F) langs Vraag 15.1 tot 15.5 neer. Elke letter mag net een keer gebruik word.

	Kolom A		Kolom B
15.1	LBS	A	Die wins word belas wanneer 'n bate verkoop word.
15.2	Kapitaalwinsbelasting	B	Word twee keer 'n jaar betaal deur mense soos sake-eienaars en boere.
15.3	Aksynsregte	C	Belasting wat op alle ingevoerde goedere en dienste gehef word.
15.4	Voorlopige belasting	D	Word maandeliks of jaarliks aan die munisipaliteit en nie SAID betaal nie.
15.5	Eiendomsbelasting	E	Word afgetrek van die werknemer se maandelikse salaris voordat die salaris betaal word.
		F	Belasting wat op items soos alkohol en tabak gehef word.

[5]**VRAAG 16**

16.1 Noem drie verskillende stowwe wat gewoonlik in ons huise gebruik word wat herwin kan word. (3)

16.2 Verduidelik drie probleme wat deur afval en afvalverwerking in die moderne wêreld geskep word. (3)
[6]

VRAAG 17

Lees onderstaande uittreksels vanuit 'n artikel in *The Weekend Witness* van Desember 2014 en beantwoord Vraag 17.1 tot 17.5.

Eiendom het goed gevaar

"Die eiendomsmark het in 2014 relatief goed gevaar, indien die beraamde ekonomiese groeikoers van net 1,4% in ag geneem word. Daar is 'n aanvraag na residensiële eiendom na baie jare se moeilike ekonomiese toestande," het Rhys Dyer, HUB van Ooba, Suid-Afrika se grootste verbandiniseerder, gesê.

"Ons verwag om 'n stabiele mark vir huisleninggoedkeuring in 2015 te sien," het Dyer gesê. "Aan die positiewe kant het rentekoerse relatief laag gebly, wat dit 'n goeie tyd vir eerstekeerhuiseienaars maak ..."

Ooba se huisleninggoedkeuringskoers was 72% in die derde kwartaal van 2014.

"Deeltitel, kleiner huise naby aan die stadskern sal waarskynlik groter groei in 2015 toon ... en sal hoër huurgeld kan vra," het hy gesê.

[Vertaal uit bron: *Weekend Witness*, Desember 2014]

- 17.1 Gee die korrekte term/terme vir elk van die volgende waarna in die artikel verwys word:
- 17.1.1 "Moeilike ekonomiese toestande"
- 17.1.2 Huislening (2)
- 17.2 Gee vier kriteria wat deur 'n finansiële instelling vereis word vir 'n persoon se aansoek om 'n huislening om goedgekeur te word. (4)
- 17.3 Assesseer die uitwerking van die "relatiewe lae rentekoerse" en hoekom dit 'n "goeie tyd vir eerstekeerhuiseienaars" is wat in die artikel genoem word. (5)
- 17.4 Deeltitelleefwyse behels 'n maandelikse heffing. Waarvoor word die heffing gebruik? (4)
- 17.5 Stel vier redes voor vir die voorspelde hoër aanvraag na kleiner deeltitelhuise in 2015. (4)
- [19]**

VRAAG 18

Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord dan Vraag 18.1 tot 18.3.

Die Smith-gesin, wat bestaan uit mnr. en mev. Smith en hul twee kinders, die driejarige John en baba Susie, wat ses maande oud is, het na 'n nuwe stad verhuis. Mnr. Smith verdien 'n hoë inkomste en mev. Smith werk nie terwyl die kinders nog klein is nie. Hulle het hul vorige huis teen 'n klein wins verkoop en soek nou 'n nuwe blyplek.

- 18.1 Indien hulle besluit om 'n huis te koop, sal die Smith-gesin geregtig wees op 'n staatsbehuisingssubsidie? Verskaf twee redes vir jou antwoord. (3)
- 18.2 Evalueer die voordele vir die Smith-gesin om 'n huis te huur en om 'n huis te koop, en kom tot 'n gevolgtrekking wat die beste keuse vir hulle sal wees. (9)
- 18.3 Vergelyk die twee stoomstryksters wat hieronder te sien is en kies watter een die beste vir die Smiths sal wees. Verskaf goeie redes vir jou aanbeveling. Beantwoord in tabelvorm.

	
Handelsnaam: Philips Besonderhede: 1200 watt-stoomstrykster; kleefvry Prys: R219.00 (spaar R60 na afslag) Land van vervaardiging: Suid-Afrika Waarborg: een jaar	Handelsnaam: Kambrook Besonderhede: 2200 watt-stoomstrykster met sproeifunksie Prys: R199.00 (spaar R50 na afslag) Land van vervaardiging: Australië Waarborg: twee jaar

[Vertaal en aangepas van: <<http://www.dealfinder.co.za>>]

(4)

[16]

VRAAG 19

- 19.1 Noem twee tipes koste wat deur die koper betaal moet word wanneer 'n eiendom gekoop word, en twee tipes koste wat deur die verkoper betaal word wanneer 'n eiendom verkoop word. (4)
- 19.2 Dink jy dat 'n eiendomsagent belangrik is wanneer eiendom gekoop of verkoop word? Motiveer jou antwoord deur vyf geldige redes te verskaf. (5)

[9]

60 punte

AFDELING D GEÏNTEGREERDE UITGEBREIDE SKRYFRESPONS**VRAAG 20****DIE KOOLSTOF-"VOEDSELSPOOR" VAN VYF DIËTE VERGELYK**

Dit is alombekend dat die produksie, verpakking en verspreiding van genoeg voedsel vir die wêreld 'n groot invloed op die natuurlike omgewing het. Vleisproduksie in besonder het 'n groot koolstofvoetspoor.

Talle studies som die klimaatsuitwerking op lewende hawe op, maar presies hoe groot is hierdie invloed op 'n persoon se "voedselspoor"?

Hierdie inskrywing vergelyk die koolstofvoetspoor van vyf verskillende diëte en bevind dat wanneer dit by "voedselspoor" kom, veganiste die toon aangee.

Sedert die VLO aangekondig het dat **18% van wêreldwye vrystellings** uit lewende hawe spruit, het mense oor die klimaatvoordele van die vermindering van vleisverbruik gepraat.

Let wel:

- Elke diëet is gegrond op 2 600 kcal per dag (ongeveer 10 920 kilojoules).
- Elk van hierdie vyf diëte is variasies van die gemiddelde Amerikaanse diëet gegrond op data van die VSA se Departement van Landbou se Ekonomiese Navorsingsdiens.
- Die "geen beesvleis"-diëet is die gemiddelde diëet, maar hoender word in plaas van beesvleis geëet.
- 'n Gemiddelde diëet is gegrond op die voedselgroepe/voedselpiramide.
- t CO₂e beteken tonne koolsuurgasekwivalent; dit is 'n meting wat jou in staat stel om ander kweekhuisgasvrystellings met CO₂ (koolsuurgas) te vergelyk.
- VLO is die Voedsel- en Landbou-organisasie.

[Vertaal en aangepas van: <<http://shrinkfootprint.com/food-carbon-footprint-diet>>]

Gebruik die inligting wat in die hulpbronmateriaal hierbo verskaf is om die volgende te beantwoord:

- Wys jou begrip van die term "koolstofvoetspoor". Hoekom dink jy verwys die artikel na "koolstofvoedselspoor"?

(3)

- Volgens die Voedsel- en Landbou-organisasie (VLO) is 18% van wêreldwye vrystellings die gevolg van die produksie van lewende hawe". Verskaf 'n breedvoerige verduideliking van die negatiewe omgewingsinvloed van vleisproduksie en -verbruik. Oorweeg onderstaande faktore in jou bespreking:
 - Landbou
 - Vervoer
 - Verwerking
 - Verpakking
 - Kleinhandel en verspreiding
 - Verbruik(12)
- Stel redes voor hoekom die vyf diëte sulke verskillende invloede op die natuurlike omgewing het. (5)

20 punte

Totaal: 200 punte